

HOOFSTUK 1: INLEIDING TOT DIE STUDIE

HOOFSTUK 1

INLEIDING TOT DIE STUDIE

1.1. INLEIDING

In 1994 het die *United Nations Educational and Cultural Organization* (Gillard, 2008:1) se Salamanca-Verklaring, soos beskryf deur Eloff & Kgwete (2007:1) aangedui dat alle leerders voortaan, ongeag hul hindernisse, in hoofstroomskole geakkommodeer moet word. Ainscow & Cesar.(2006:231) wys daarop dat die Salamanca-Verklaring, as die mees betekenisvolle internasionale dokument ooit ter tafel gelê in die veld van inklusiewe onderwys, aandui dat hoofstroomskole wat inklusief georiënteerd is, die beste bestand is teen diskriminerende houdings, en sodoende 'n inklusiewe gemeenskap kan opbou waar onderwys vir almal bereik kan word. Sulke skole kan effektiewe onderwys verskaf aan die oorgrote meerderheid van hul leerders en sodoende die doeltreffendheid en koste-effektiwiteit van die skool se onderrigstelsel verstewig ((Ainscow *et al.*, 2006:231)).

Die Suid-Afrikaanse inklusiewe onderwysstelsel is op die Salamanca-Verklaring gebaseer, soos uiteengesit in die Witskrif Nr. 6: *Special Needs Education – Building an Inclusive Education and Training System* (South Africa, 2001:4).

Volgens die Suid-Afrikaanse Grondwet (Department of Education, 1996) en die Witskrif Nr. 6 speel leerders, ongeag hul hindernisse, 'n rol in hulle gemeenskappe en die groter samelewing. Derhalwe mag hulle nie uit onderwys of uit skool uitgesluit word nie, aangesien leerders met leerhindernisse (dit wil sê leerders wat probleme ondervind om die pas wat deur hoofstroom onderwys daar gestel is te volhou) destyds uitgesluit was uit hoofstroomskole (Swart *et al.*, 2005:5). Hierdie besluit noop dit dat aanpassings in skole ten opsigte van geboue, opvoedersvaardighede en leermateriaal gemaak moet word om leerders met leerhindernisse te akkommodeer in die inklusiewe onderwysstelsel in hoofstroomskole. Die Skolewet 84 van 1996 beskryf hoe fondse tot beskikking van die skool aangewend moet word (South Africa, 2003:17). Die Beheerliggaam is daarvoor verantwoordelik om die skool so inklusief moontlik te maak deur onder andere die aanpassing en instandhouding van die skool, opleiding van opvoeders, en die verskaffing van leermateriaal.

Naicker (1999:13) verwys na die *National Commission on Special Needs in Education and training* (NCSNET) (1996) en die *National Committee on Education Support Services* (NCESS) (1996) wat aangetoon het dat opvoeders lank reeds te doen het met leerders wat leerhindernisse ondervind in die hoofstroomonderwys. Spesiale onderwys het vroeër slegs beperkte voorsiening gemaak vir leerders met leerhindernisse, en hoofstroomonderwys is dus gedwing om diversiteit te akkommodeer. Naicker (1999:14) toon egter aan dat opvoeders maklik die komplekse uitdagings van inklusiewe onderwys geringskat in hulle denke, persepsies, beoordelings, en praktyke. Sommige opvoeders besef nie dat inklusiewe onderwys 'n nuwe denkraamwerk, persepsies, houdings en praktyke vereis met betrekking tot onderrig aan leerders met leerhindernisse nie.

Farman and Muthukrishna (1998:232) toon aan dat baie opvoeders onderwysopleiding reeds voor die inwerkingstelling van inklusiewe onderwys ontvang het. Gevolglik wys Engelbrecht en medewerkers daarop dat opvoederervaring ten opsigte van inklusiewe onderwys beperk is en dat opvoeders nie oor die nodige vaardighede beskik om diversiteit in die klaskamer te hanteer nie (Engelbrecht *et al.*, 2001:258). Moltó (2003:327) meen dat opvoeders doelgerig opgelei moet word om die uitdagings van inklusiewe onderwys met sukses aan te pak. Inklusiewe onderwys impliseer dat leerders insluitend in al die skoolfasies die geleentheid gebied moet word om hul potensiaal te ontwikkel.

Volgens (Frederickson *et al.*, 2004:53) is die suksesvolle implementering van inklusiewe onderwys grootliks afhanklik van die fisiese omgewing waarin dit plaasvind, die hulpbronne beskikbaar, die organisatoriese veranderinge en onderrigaanpassings wat by skole moet plaasvind. Die volgende faktore word deur Hodkinson (2005:24) aangehaal as metodes wat skole kan aanwend om inklusiewe onderwys suksesvol toe te pas:

- Skole moet 'n beleid hê ten opsigte van die toepassing van inklusiwiteit
- Alle leerders moet as gelyk behandel word en geen onderskeid en diskriminasie moet plaasvind nie
- Skole moet geskikte hulpbronne en materiaal hê om leerders te onderrig
- Opvoeders moet voldoende opgelei wees vir die toepassing van inklusiewe onderwys
- Lesvoorbereiding en assessering van leerders moet sorgvuldig beplan en gedoen word
- Ondersteuningspersoneel moet effektief aangewend word en daar moet goeie samewerking bestaan tussen die personeel
- Sterk bande moet gesmee word met die kind se huislike omgewing waarin hy grootword, en daar moet 'n verband wees tussen huistaal en onderrigtaal

- Die kurrikulum moet verbreed en aangepas word om alle leerders te akkommodeer
- Positiewe aspekte van diversiteit moet in die klaskamer aangewend word
- Geen leerder moet uitgesluit word in inklusiewe onderwys nie

In die intermediêre fase in Suid-Afrikaanse skole, nà die ontwikkeling van basiese vaardighede in die Grondslagfase, kry leerders die geleentheid om hul potensiaal verder te ontwikkel soos beskryf in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring ten aansien van uitkomsgebaseerde onderwysbeginsels (UGO) (Departement van Onderwys, 2002). Hiervolgens val die klem op minder begeleiding deur die opvoeder en meer op leerderaktiwiteit en selfstandige leer. Dit is moontlik dat opvoeders in hierdie fase nie ten volle bewus raak van die leerders se leerhindernisse nie omdat die leerprogram hoë eise aan hulle stel. Die risiko is dus groot dat dit juis in hierdie fase is wanneer leerders agter raak. Dit is ook moontlik dat opvoeders gefrustreerd raak met die leerders wat agter raak, en dat verhoudings tussen opvoeders en leerders dan skade lei.

Uit informele gesprekke met intermediêrefase-opvoeders verbonde aan openbare skole in die George-omgewing, blyk dit dat hulle deel in soortgelyke ervarings. Die opvoeders het hulle onsekerheid uitgespreek oor wat die toekoms vir hulle inhoud – onsekerheid ten opsigte van die behoud van hul onderwysposte en oor die hantering van leerders met leerhindernisse binne inklusiewe onderwys. Vroeëre studies deur die Raad op Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) (Pottas, 2004:60) verwys na opvoeders se ongunstige beleving van 'n groter werkslading, ontevredenheid oor onderwysbeleid, en onsekerheid oor die rol van en die behoud van poste in inklusiewe onderwys.

1.2. PROBLEEMSTELLING

Witskrif 6 het gedurende 2001 nasionale beleid geword (South Africa, 2001:11). Die beleid fokus op die transformasie vanaf plasing van leerders in spesiale skole vir leerders met spesiale behoeftes, na 'n sisteem van inklusiewe onderwys waar die beginsel van kwaliteit onderrig vir almal die basis vorm. Suid-Afrika strewer daarna om meganismes in plek te stel om die proses van inklusiewe onderwys aan die gang te kry. Dit is belangrik om alle aspekte rakende die implementering van die beleid te ondersoek ten einde die sukses van inklusiewe onderwys te verseker. Opvoeders word as die sleutelfigure vir die suksesvolle implementering van inklusiewe onderwys gesien, maar terselfdertyd ondervind hulle probleme met die implementering en bestuur daarvan, omdat hulle nie opgelei is om leerders met leerhindernisse te begelei nie. Die infrastruktuur by skole is ook van so aard dat die leerders wat spesiale behoeftes benodig nie geakkommodeer kan word nie.

Die navorsingsvraag wat hieruit ontstaan is:

Wat is die opvoeders in die George-omgewing se ervaring van die wyse waarop inklusiewe onderwys in die intermediêre fase in hul skole geïmplementeer word?

Om 'n beter begrip van bogenoemde probleem te kan verkry, kan die volgende subvrae geformuleer word:

- **Subvraag 1: Hoe verstaan en beskou die opvoeders inklusiewe onderwys opsigself?**
- **Subvraag 2: Hoe word inklusiewe onderwys in hul skole geïmplementeer?**
- **Subvraag 3: Wat is die opvoeders se ervarings van die funksionering van die inklusiewe onderwysstelsel in hul skole?**

1.3. DOEL VAN DIE NAVORSING

Die doel van die navorsing is om die ervaring van intermediêrefase-opvoeders met betrekking tot die implementering van inklusiewe onderwys in hul skole, te ondersoek en beter te verstaan. Die doelstelling van die doelwitte is dan soos volg:

- **Subvraag 1: Om te bepaal hoe die opvoeders inklusiewe onderwys opsigself verstaan en beskou**
- **Subvraag 2: Om te bepaal hoe inklusiewe onderwys in hul skole geïmplementeer word**
- **Subvraag 3: Om te bepaal wat die opvoeders se ervarings van die funksionering van die inklusiewe onderwysstelsel in hul skole is**

1.4. DIE SUID-AFRIKAANSE AGTERGROND VAN DIE STUDIE

Die Suid-Afrikaanse Skolewet (South Africa, 2003) gee uitdrukking aan die diverse behoeftes van alle leerders deur Artikel 5(1) wat verklaar dat openbare skole alle leerders moet toelaat sonder enige diskriminasie en aan hulle onderskeie leerbehoefte moet voldoen (Eloff *et al.*, 2005a:90). Volgens Farman *et al.*, (1998:231) impliseer dit dat leerders met spesiale onderwysbehoefte wat vroeër in spesiale onderwys geplaas is, voortaan by die hoofstroom ingesluit word.

Die Nasionale Onderwysdepartement vereis dat leerders met spesiale behoeftes dieselfde behandeling sal geniet en gelykwaardig geassesseer sal word as hoofstroomleerders (South Africa, 2001:31-32). Volgens Mosterd (2007:1) in die *Centurion News*, April 2007 moet skole en ander rolspelers hulle daartoe verbind om alle leerders in te sluit in hulle toelatingsbeleid en toelatingspraktyke volgens die Skolewet (South Africa, 2003) en Onderwyswitskrif 6 (South Africa, 2001:10). Bothma *et al* (2000:202) het reeds aangedui dat onvoldoende fasiliteite, infrastruktuur, ondersteuningsmateriaal en finansies, struikelblokke is vir suksesvolle implementering van inklusiewe onderwys in Suid-Afrika.

Bothma *et al* (2000:202) is van mening dat opvoeders 'n negatiewe houding teenoor inklusiewe onderwys ervaar aangesien hulle nie opgelei is om leerders te hanteer wat leerhindernisse ondervind nie. Ten spyte van suksesse in Australië en Brittanje met die implementering van inklusiewe onderwys, gaan Suid-Afrikaanse opvoeders steeds gebuk onder gebrekkige ondervinding (Engelbrecht *et al.*, 2001:256; Paulse, 2006:1) met die hantering van leerders met leerhindernisse. Bogenoemde navorsers voer aan dat indiensopleidingsprogramme deur die Departement onvoldoende opleiding, ondervinding en vaardighede bied om diversiteit doeltreffend te hanteer.

Me Daniels, distrikbestuurder van die gespesialiseerde onderwysondersteuning in Metropool-Suid in die Wes-Kaap, meen dat dit jare sal neem om agterstande in onderwysvoorsiening van voorheen benadeelde gemeenskappe uit te wis en 'n gelyke speelveld vir alle leerders te verseker (Merton, 2006:1). Terselfdertyd moet indiensopleidingsgeleenthede daargestel word vir opvoeders om die implementering van inklusiwiteit beter te verstaan en uit te voer. Dugmore (2004:4), die voormalige ANC-Minister van Onderwys in die Wes-Kaap, het in sy begrotingstoespraak in die Parlement daarop gewys dat 'n ondersoek na toestande by skole ingestel moet word ten einde die beplanning en implementering van inklusiwiteit te bevorder.

Opvoeders se houding teenoor die implementering van inklusiewe onderwys, asook tyd om aan die beginsel gewoon te raak, moet in berekening gebring word in die implementering van inklusiewe onderwys. (Oswald *et al.*, 2000:306) Professor Mitchell, navorsingsdirekteur van die *Waikato Institute of Technology*, Nieu-Seeland, wys daarop dat:

- sommige opvoeders weerstand bied teen die idee van inklusiewe onderwys;
- leerders met spesiale onderwysbehoefte moontlik nie voldoende aandag in die hoofstroom ontvang nie
- leerders met spesiale behoeftes baie tyd opeis ten koste van ander leerders;
- gewone opvoeders nie oor die nodige kennis en vaardighede beskik om leerders met leerhindernisse te hanteer nie; en
- opvoeders in skole nie spesialisopleiding ontvang het nie en hulle vrees dat hulle moontlik hulle poste kan verloor (Merton, 2006:1)

Engelbrecht *et al* (2001:258) en die *Reviews of National Policies for Education: South Africa* (ORGANISATION FOR ECONOMIC CO-OPERATION, 2008:315) het bevind dat opvoeders in gewone hoofstroom onderwys nie oor die nodige kennis en vaardighede beskik wat hulle voorberei om die veranderde klaskamers te bestuur nie, aangesien daar 'n ekstra las van addisionele verantwoordelikheid op hulle rus, en ook ekstra tyd van hulle vereis word om in die diverse behoeftes van elke leerder te voorsien. Volgens bogenoemde navorsers staan baie opvoeders skepties teenoor inklusiewe onderwys en sal dit tyd neem voordat hulle hierdie verandering sal aanvaar.

Uit bogenoemde word dit duidelik dat die ervaring van opvoeders van die implementering van inklusiewe onderwys en van struikelblokke in die verband wat hulle ervaar, ondersoek behoort te word sodat die implementering van inklusiewe onderwys meer effektief kan plaasvind.

'n Definisie vir die doel van die studie word nie uitgewys nie, aangesien die studie nie op inklusiewe onderwys self fokus nie, maar op die ervarings daarvan van opvoeders, en daarom is 'n voorafgestelde definisie nie relevant vir die doel van die studie nie.

1.5. NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE

1.5.1 Navorsingsontwerp

'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp sal in die empiriese ondersoek gebruik word. Kwalitatiewe navorsing laat noue interaksie tussen die navorser en deelnemers toe en skep geleenthede om deelnemers se menings te deel. Leedy *et al* (2005:94) verwys na kwalitatiewe navorsing as 'n metode om vrae oor die kompleksiteit van die probleme te kan vra en deelnemers se sienings beter te kan verstaan.

'n Interpretivistiese benadering sal gebruik word om die deelnemers se menings te analiseer, verstaan en weer te gee. 'n Interpretivistiese benadering sal die navorser in staat stel om kennis te maak met die persepsies, gevoelens, gedagtes, houdings en ondervindings van die deelnemers (McMillan *et al.*, 2001:398).

Die deelnemers in hierdie ondersoek is die intermediêrefase-opvoeders in die George-omgewing. Almal is betrokke by onderrig in die Intermediêre Fase in die George-omgewing. Al agt skole in die George-omgewing in die Kring 3 van die Eden- en Sentrale Karoo-Onderwysdistrik is as 'n gerieflikheidsteekproef geïdentifiseer, en dus vorm die bepaalde opvoeders 'n gevallestudie van intermediêrefase-opvoeders. Al hierdie opvoeders in die skole is uitgenooi om aan die fokusgroeponderhoude deel te neem. Toestemming vir die navorsing is by die Eden- en Sentrale Karoo-Onderwysdistrik waaronder George ressorteer, verkry.

Die meeste van die agt skole in hierdie Distrik is geleë in voorheen benadeelde gemeenskappe. Baie van hierdie leerders het 'n agterstand ten opsigte van leer en prestasie, wat die taak van die opvoeders met die implementering van inklusiewe onderwys bemoeilik, soos hulle self mondeling aan die navorser meegedeel het. Die navorser is self ook 'n opvoeder in die Intermediêre Fase aan een van die deelnemende skole in die Distrik. Dit plaas hom in 'n goeie posisie omdat hy reeds 'n vertrouensverhouding met die opvoeders het, en omdat hy die plaaslike toestande verstaan.

1.5.2 Metodologie

Die data-insamelingtegnieke wat gebruik sal word, is die voltooiing van oop vraelyste om 'n agtergrondstudie van die deelnemers te vorm, fokusgroeponderhoude waar bepaalde inligting vanuit die deelnemers se oogpunt verkry sal word, en observasie tydens die onderhoude. Die navorser sal self as fasiliteerder van die fokusgroeponderhoude optree.

'n Gevallestudie is 'n spesifieke geval wat gebruik word met die doel om 'n meer algemene beginsel te illustreer (Cohen *et al.*, 2007:253). Volgens Creswell in (Fouche, 2005:272) kan 'n gevallestudie gedefinieer word as ontdekking, of 'n in-diepte analise van 'n spesifieke situasie. In hierdie geval word al die opvoeders in die intermediêre fase in 'n bepaalde distrik in die George-omgewing betrek in die studie en vorm hulle dus 'n gevallestudie, met die oog daarop om hul ervaring van die implementering van inklusiewe onderwys in hulle skole te verken, en 'n in-diepte analise van hul ervarings te maak. Gevallestudies kan lesers 'n idee gee van hoe idees en abstrakte beginsels in bepaalde kontekste ervaar en geïntegreer word (Cohen *et al.*, 2007:253).

1.5.2.1. Data-insameling

Vraelyste bestaande uit oop en geslote vrae oor die implementering van inklusiewe onderwys in skole in die genoemde George-distrik sal aan die deelnemers uitgedeel word. Semi-gestruktureerde fokusgroeponderhoude sal met die deelnemers gevoer word oor hul ervaring van die implementering daarvan (Cohen *et al.*, 2007:352; De Vos, 2005:333; Leedy *et al.*, 2005:184; Mouton, 2005:105). Al die opvoeders in die intermediêre fase per skool word betrek, as 'n gevallestudie van intermediêrefase-opvoeders. Die onderhoude sal op band geneem en getranskribeer word.

1.5.2.2 Data-analise

Kwalitatiewe data-analise is die organisering, verantwoording van en verduideliking van die data in terme van definisies, patrone, temas en kategorieë van die data (Morrison, 2007:461). McMillan *et al.* (2001:364) beskryf kwalitatiewe data-analise as 'n relatiewe sistemiese proses van kodering, kategorisering en interpretasie van data om sodoende 'n verduideliking van 'n enkele fenomeen te verskaf. Patton verduidelik in De Vos (2005:335) dat data verkry vanaf deelnemers, verwerk word tot geldige en relevante bevindinge wat behels die ordening, sortering en strukturering van inligting verkry uit die massa ingesamelde inligting uit fokusgroeponderhoude, om betekenis daaraan te gee. Die doel

met kodering is om die data in kleiner eenhede te dekonstrueer sodat die fenomeen wat bestudeer word, beter begryp kan word (Cohen *et al.*, 2007:493).

Die navorser sal gebruik maak van die induktiewe metode om die data uit die vraelyste en die transkripsies van die onderhoude te kodeer en analiseer in terme van interpretatiewe inhoudanalise. Die doel met kodering is om die data in kleiner eenhede te dekonstrueer sodat die fenomeen wat bestudeer word, beter begryp kan word (Cohen *et al.*, 2007:493). Die data sal deur middel van oop en aksiële kodering geanaliseer word om die ervarings van die opvoeders in terme van kategorieë, temas en verbande te beskryf (De Vos, 2005:340). Die geanaliseerde data sal in 'n geïntegreerde teksbeskrywing weergegee word, wat die rykheid van die detail van konteks weergee (Neuman, 2000:419). Hierdie beskrywing kan die ervarings van die opvoeders oor die implementering van inklusiewe onderwys in hul skole weerspieël.

Bogenoemde metodologie word in hoofstuk drie volledig beskryf.

1.5.2.3 Geloofwaardigheid

Die navorser sal deurentyd die ervarings van die deelnemers probeer begryp en tydens die onderhoude en data-analise nie sy eie mening laat blyk nie. Hy sal ook nie vooropgestelde verwagtings aan die deelnemers stel nie, en sal ook nie die deelnemers in 'n voorafbepaalde of bevooroordeelde rigting lei tydens die onderhoudvoering nie. Die navorser sal ook sorg dra dat die resultate onbevooroordeeld geanaliseer en weergegee word. Die studieleiers sal as ko-analiste optree.

Die navorser sal 'n deelnemende rol in die navorsing vervul en sal as hoofnavorsinginstrument tydens die voer van die onderhoude optree. Aangesien die navorser self een van die opvoeders in die intermediêre fase in een van die betrokke skole is, het die navorser sy eie standpunt teenoor inklusiewe onderwys uitgeklaar voordat hy met die studie begin het. Hy sal nie tydens die onderhoude sy eie mening openbaar nie, of die deelnemers in 'n rigting probeer lei nie, sodat hy nie die deelnemers se menings beïnvloed nie. Hy het reeds oor sy eie rol en standpuntinname gereflekteer om onbehoorlike beïnvloeding te vermy.

1.5.2.4 Etiese aspekte

Die regte asook die professionele integriteit van die deelnemers sal tydens hierdie navorsing in ag geneem word. Die reg tot privaatheid, beskerming teen benadeling, ingeligte toestemming en eerlikheid teenoor respondente sal deurentyd in ag geneem word. Die NWU se interne Navorsingskomitee en die Etiese komitee het reeds die navorsing goedgekeur. Alle data sal met vertroulikheid ingesamel, analiseer en bewaar word. Die respondente sal in geen opsig geïdentifiseer of benadeel word nie. Deelname aan die studie sal vrywillig wees en deelnemers sal nie vergoeding vir hulle deelname aan die studie ontvang nie. Deelnemers sal te eniger tyd aan die studie mag onttrek, indien so verkies.

1.6. BEOOGDE BYDRAE VAN DIE STUDIE

Hierdie studie sal poog om 'n bydrae maak in terme van vorige navorsing om meer inligting oor die houdings van opvoeders betrokke by inklusiewe onderwys in te win. Kennis oor opvoeders se ervarings van die implementering van inklusiewe onderwys sal bydra tot 'n meer effektiewe beplanning en bestuur daarvan in skole. Die Eden- en Sentrale Karoo-Onderwysdistrik sal derhalwe baat by hierdie studie.

1.7. VERLOOP VAN DIE STUDIE

Hoofstuk 1:

In hoofstuk een is die inleiding, probleemstelling, navorsingsontwerp, die doel van die navorsing asook die werkswyse en navorsingsbeplanning uiteengesit.

Hoofstuk 2:

Hierdie hoofstuk verteenwoordig uitgebreide uiteensetting van die literatuur met betrekking tot die studie. Die fokus val op die opvoeders in Suid-Afrika en ander lande se sienings met betrekking tot inklusiewe onderwys, asook die probleme en suksesse wat daarmee gepaard gaan. Klem word gelê op ervarings van opvoeders van die implementering van inklusiewe onderwys.

Hoofstuk 3:

Die metodologie van die empiriese ondersoek sal in detail beskryf word.

Hoofstuk 4:

In hierdie hoofstuk sal die resultate van die empiriese ondersoek weergegee word.

Hoofstuk 5:

Die bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings voortvloeiend uit die studie sal in hierdie hoofstuk verskaf word.

In hoofstuk twee word die literatuuroorsig vervolgens aangebied.